

**19 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 139**

**Fokusgedeelte: Psalm 139:1-6**

**God is vandag by jou!**

Gaan jy vandag êrens alleen wees? Gaan jy alleen in `n kantoor in `n hoë gebou besig wees – alleen in jou bakkie op die plaas – alleen in die kamer van die tehuis vir seniors? Onthou, al is jy as mens alleen, God is altyd by jou, sy kind. Jy is nooit werklik alleen nie.

Gaan jy jou dalk vandag tussen mense bevind? Gaan jy tussen jou maats in die klaskamer wees – in die belangrike vergadering – saam met vriende in die restaurant? Weet verseker dat jy nie net tussen ander mense is nie, God is ook by jou!

Wat 'n wonderlike troos bied die Here se Woord ons nie! Ons is nooit alleen nie, nooit weg van die Here se teenwoordigheid nie. Dié wonderlike nuus van Psalm 139 reik nog verder. God is in liefde by jou, sy kind, teenwoordig. Hy sorg vir jou en lei jou. Hy hou jou vandag vas en gee krag vir elke dag.

Die Here is by my as die Een wat my ken. Hy ken my soos geen mens my kan ken nie. Hy weet elke ding wat ek doen, sê, dink of ervaar. Wat 'n heerlike troos is dit nie. Daar is iemand wat my vandag ten volle ken en verstaan – die lewende God! Voordat ons gebore is, het die Here al bepaal dat ons vandag sal beleef. Van voor ons geboorte is die Here in liefde by ons betrokke. Hy het ons gevorm, Hy het ons gemaak.

Hy is vandag so vol liefde by jou teenwoordig omdat sy eie, geliefde Seun lank gelede aan `n kruishout uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" Hy is deur God in ons plek verlaat sodat ons nie net vandag nie maar vir ewig by ons Vader kan wees! Ja, hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God!

*Sing: Psalm 23:1,2*

*Ds L du P van der Vyver (Silverton)*